NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM**: Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

2.5

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring:	**ALGOA**
Titel van Projek:	**MAKHUA SHIRIMA BYBELPROJEK**

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekleier
Naam:	**G Olivier**
Posadres:	**Burt Rylaan 67 Cotswold P.E 6045**
E-pos:	**gwolivier@gmail.com**
Faks:	
Tel. (k):	
Tel (h):	
Selfoon:	**0829635412**

	25/7/2022
Handtekening ~~Projekvoorsteller~~	Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) PG Louwser, in my hoedanigheid as ~~voorsitter~~ / skriba van die Ring van Algoa, dat hierdie projek op 7/9/22 deur die Ring / ~~Ringskommissie~~ goedgekeur is.

	21/9/22
Handtekening ~~Voorsitter~~ / Skriba	Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die Ring was vir jare op kosbare wyse betrokke by die voltooiing van die Makhua Bybel vertaling. Hierdie lang pad het uitgeloop op die druk van die Makhua Bybel in Augustus 2021. *Op 10 Oktober 2021 het ons met 200 voorlopige Makhua Bybels uit China `n onvergeetlike inwyding geleentheid gehad.* Intussen het ses daar in Junie 2022 ton Bybels al in Muapula aangekom en 2 ton is nog in Maputo!

Dis egter net die einde van een fase. Baie wat die Bybel in hulle hande gaan kry, het geen agtergrond nie. Erger nog is die hoeveelheid ouderlinge en kerkleiers in Niassa Provinsie wat Makhua Shirima moedertaalsprekers is, en wat een of twee gemeentetjies in die "deep rural" Niassa bedien terwyl hulle geen Bybelopleiding of geestelike toerusting ontvang het nie.

Ten einde die behoefte aan Bybelopleiding aan te spreek, het ons in Julie 2022 met die "Makhua Bybelopleiding Projek" begin waar ons `n afstands-Bybelskool inisieer het op die sendingstasie in Muapula, aangesien daar leë klaskamers en onderwysers huise is. Die opleiding bestaan uit twee sulke "blokke" van twee-drie weke en die tweede blok vind plaas in Oktober. Die eerste blok was UITERS geseënd en `n absolute bewys van die kritieke behoefte aan moedertaal Bybelopleiding in Niassa.

Parallel hiermee moet die Bybel planmatig en sistematies onder die Makhuas begin versprei word vanaf die tweede helfte van 2022. Hiervoor gaan ook baie insette van my kant nodig wees.

Laastens wil ons ook `n sosiale media-evangelisasie- en pastorale bediening platforms onder die Makhuas in Niassa skep. Al bogenoemde braaklande (wat kollektief die "Makhua Bybel Projek" genoem word) maak dit duidelik dat die werk op `n ander manier nou eers begin. Daarvoor het ons vir verskeie uitgawes ondersteuning nodig.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die teikengroep is en bly die Makhua Shirima groep wat grootliks nog onbereik is. Die mikpunt is om strategies die Bybel te ontplooi sodat die Evangelie in hulle moedertaal beskikbaar kan wees. Voorts is die ouderlinge in plattelandse Niassa met weinig of geen Bybelopleiding `n verdere primêre teiken, omdat dit strategies die Evangelie effektief vinniger kan vermenigvuldig en baie gemeentetjies daarby kan baat.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
Ontplooi strategies die Makhua Bybel in groter en kleiner sentra in Niassa Provinsie	2022 -
Identifiseer en nooi groepe ouderlinge vir blokke	2022 – 2023
Stel basiese Bybel-opleidingsmateriaal in Makhua Shirima op vir gebruik by die Bybelskool	2022 – 2024
Besoek Niassa en bied die blokke aan	2022 -
Doen opvolg en mentorswerk ook via sosiale platforms	2023 -

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
G Olivier	Grasvoëlkop
F van der Merwe	Muapula
Raimundo Luis	Muapula – Ouderling Muapula
Domingos Manuel	Muapula – Mede-opleier

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid
Gemeente lede van Muapula befonds om met motorfietse Bybels te neem na ander dorpies en te bemark – reis en verblyf	Minstens 33 dorpies moet so besoek word
Opleidings materiaal vir Bybelskool	Minimum 80 "boeke" per kursus
Hulp met reis en kos vir ouderlinge	15 ouderlinge per keer
Multimedia materiaal	materiaal en relevante programme en opvolgmateriaal
Leiers opleiding materiaal om opleier te word en voortgesette afstandsopleiding	Enkeles maar baie meer tydrowend en duurder.

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
Soos met die Bybelvertaling word die totale projek ondersteun deur vrywillige bydraes van individue en gemeentes via deurkollektes, insamelings tydens Pinkster ens. Ons is nie seker hoeveel ondersteuning ons gaan hê na die vertaling klaar is nie, maar alles met betrekking tot die bediening het befondsing nodig. Die totale bedrag per jaar vir alles word bereken op ongeveer R 650 000. ***Dit waarvoor hier gevra word, hou NIE verband met enige van die normale lopende uitgawes nie. Die fondse waarvoor aansoek gedoen word, is om die praktiese uitgawes te help dek en plattelandse kerkleiers in Niassa te help borg om die opleiding te kry wat hulle andersins NOOIT sal kry nie.***	Sien bespreking hiernaas
TOTAAL:	

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	Bedrag
Opleidings materiaal vir Bybelskool	80 boeke x R 100 = *R 8 000*
Hulp met reis en kos vir ouderlinge	15 ouderlinge x R 1000 = *R 15 000*
Multimedia materiaal; dorpies besoek; Bybelverspreiding	*R 5 000*
TOTAAL:	R 28 000

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 8.4.2 hierbo):	*Sien verduideliking 8.4.1*
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (8.4.1 hierbo):	*Sien verduideliking 8.4.1*
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	**R 28 000**

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	Bedrag
Indien die projek goedgekeur word, sal ons waardeer dat dit in TWEE uitbetalings van R 14 000 en R 14 000 Maart/April en Augustus/September onderskeidelik uitbetaal word.	

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

In Lukas 8:11 sê Jesus self die saad is die Woord van God. Die Makhua Bybel saad is na meer as 2 dekades gereed vir saai. Al wat oorbly is nou saai en saaiers oplei en die saad versprei in Niassa.

Nota:
Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf